

Ontmoeting 1

Petrus droom van 'n doek uit die hemel

Kinders leer dat die Here nie dink een persoon is belangriker as h ander persoon nie

Teks: Handeling 10:1–13

Hulpmiddels:

- Uitgeknipte los prentjies van rein en onrein kosse; kleefband waarmee jy h lyn op die vloer kan plak; A3-grootte prente van rein kosse en h ander een van onrein kosse; lekkers wat met goue papier toegedraai is.
- Wit stukke lap; gare/vislyn/tou; wit velle papier; kleurpotlode
- Sandboks hulpmiddels: (Die karakters kan van toiletrolle gemaak word of jy kan prente druk, uitknip, lamineer en op roomys-stokkies plak.)

Kornelius pop / Engel pop / Petrus pop / 3 manne saam / 2 geboue / Wit stukkie lap met plastiek diere in of prentjies van diere / h Aantal gesiggies bymekaar om Kornelius se familie uit te beeld



Welkom

Kinders kry 'n kaartjie met h kossoort op. Hulle moet met daardie kossoort 2 ander kossoorte soek om saam h ete te maak. (h Kind kry bv. eiers en hy/sy moet gaan kyk watter ander kossoorte daar is. Is daar nie dalk spek nie? Daar mag net 3 kossoorte saamgevoeg word. Hulle kry geleentheid om hulle ete vir die groep te wys.) Daardie prentjies wat hulle gekry het, word vir h volgende aktiwiteit gebruik.

Trek h lyn in die middel van die vertrek. Laat elkeen aan die kant staan waar sy prentjie is. (Jy kan h A3-blad met die verskillende prente op, of op die grond vassit, of teen die muur plak.)

Kant van heidene: (Julle speel vandag die rol van die heidene. Heidene was mense wat nie Jode was nie.) Julle is die heidene. Julle is onrein. Julle is sleg en mag nie meng met die Jode nie.

Kant van Jode (Julle speel vandag die rol van die Jode.) Julle is die Jode. Julle mag glad nie vriende wees met die heidene nie, want hulle is nie Jode nie. Julle mag nie met hulle praat, saam met hulle eet of ENIGE IETS saam met hulle doen nie. Julle is gelukkig, want julle mag die Goeie Nuus van Jesus ontvang en nie die heidene nie.

(Gee aan elke kind in die “Joodse groep” h lekkertjie wat in goue papier toegedraai is as teken dat hulle geregtig is op die Goeie Nuus.) Die ander groep moet eenkant gaan sit.

Ek wonder wat dink God daarvan as mense so oor mekaar praat.

Ek wonder wat wil julle hê moet nou hier by ons gebeur.

(Laat die kinders saam besluit om nie nou die lekkers te eet nie. Ons gaan eers kyk wat in die Bybel staan en dan h plan maak met die lekkers.)

In die Ou Testament het God vir die Jode reëls gegee oor wat rein en onrein is. Onrein kosse was kosse wat hulle siek gemaak het tydens hulle tyd in die woestyn. Die reëls van kos was in daardie tyd bedoel om hulle te beskerm, maar die Jode het na die tyd nog steeds hierdie reëls behou. Met hierdie reëls mag iemand of iets wat onrein is, nie in die tempel kom om die Here te dien nie en hy mag ook nie naby iemand of iets kom wat rein is nie. Wanneer iets **onrein** is, dan mag h mens wat rein is, dit nie gebruik of eet of daaraan raak nie. Julle sien, dit was nie net kos wat rein of onrein was nie, maar ook sekere groepe mense. Selfs mense wat siek was. Jy mag byvoorbeeld nie vir sulke mense in hulle huise gaan kuier het nie.

Rein: Iemand of iets wat rein is, mag in die tempel kom of naby enigiets wat aan die Here behoort en hy mag die Here dien.

Wanneer iets rein is, mag h mens wat rein is dit gebruik, of eet of daaraan raak.

Daar was mense wat vas geglo het dat Jesus se Goeie Nuus net vir die Jode was. Sien, die Jode het gedink hulle was rein en almal wat nie Jode was nie (heidene), was onrein. As hulle aangehou het om so te dink, sou

ek en jy nie vandag van Jesus geweet het nie! Dis waarom God ingegryp het om vir Petrus, wat die leier van die gemeente was, te leer dat dit nie so werk nie.

Het julle geweet God praat met ons op verskillende maniere en partykeer praat Hy met ons deur 'n droom? Die droom is soms so werklik dat jy nie seker is of jy droom of wakker is nie. Ons noem dit 'n visioen. God het met Petrus gepraat deur 'n visioen. Dit het vir Petrus gevoel soos 'n droom, maar hy was wakker. Ons gaan eers die Here loof en dan uitvind wat Petrus gesien het.



Wyding

Stilwoord-ritueel:

Gebed: Die leier bid elke keer 'n sinnetjie en die groep herhaal dit saam.

Dankie, Heer, vir hierdie dag

Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet

Dankie dat U mens geword het en vir ons die pad kom loop het

Help ons om U ook te volg ...

... soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het.

Amen



Woord

(Gebruik die sandboks en figuurtjies om die storie te vertel. Hier is 'n video: https://youtu.be/PGJnaZR84IE?list=PLktlXDwXKgcZX-cW3hOZN3tI_NT-4BViA)

Daar was 'n man met die naam van Kornelius. Hy was 'n offisier van 'n groep Italiaanse soldate. Hy en almal in sy huis het God gedien en respekteer. Hy het baie dinge gedoen om die arm mense van die Joodse volk te help, en hy het elke dag gebid. Een middag het 'n engel aan Kornelius verskyn en met hom gepraat: "Kornelius! God het gehoor hoe jy elke dag tot Hom bid en Hy het die goeie dinge gesien wat jy doen. Stuur mense na Joppe om 'n man met die naam Simon, ook Petrus genoem, te gaan haal." Die engel het vir Kornelius verduidelik waar om Petrus te kry, en het weggegaan. Kornelius het 3 mense gestuur om Petrus te gaan haal.

Intussen, in Joppe, het Petrus op die huis waar hy gewoon het se dak gesit en bid. Dit was naby middagete en hy was honger. Terwyl hy daar sit, het iets met hom gebeur wat amper soos 'n droom was. Petrus het gesien dat die hemel oop is en dat iets soos 'n groot stuk lap afkom uit die hemel. Dit het gelyk asof iemand die lap vashou aan die 4 hoeke en of hy die lap tot op die grond laat sak. In die groot stuk lap was van al die soorte diere: diere wat 4 pote het, diere wat op die aarde kruip en voëls. Petrus hoor toe 'n stem wat sê: "Staan op, slag die diere en eet dit."

Petrus het geantwoord: "Nee Here, ek kan dit nie doen nie, want ek het nog nooit iets geëet wat nie aan U gewy is nie of iets wat onrein is nie." Die stem het weer vir hom gesê: "God het hierdie diere rein gemaak. Jy moenie sê dit is onrein nie." Die het 3 keer gebeur, en toe is die lap opgetrek in die hemel in.

Terwyl Petrus nog gewonder het wat dit beteken, het die 3 manne van Kornelius in die dorp, Joppe, aangekom en Petrus kom soek. Die Heilige Gees het vir Petrus gesê: "Jy moet nou opstaan, hier is 3 manne wat jou soek, gaan saam met hulle. Jy moenie twyfel nie, want Ek het hulle gestuur. Moenie dink hulle is onrein omdat hulle nie Jode is nie."

Petrus het die manne eers by die huis waar hy bly laat oorslaap en toe die volgende dag saam met hulle na Sesarea gegaan.

Kornelius het klaar sy familie en vriende bymekaargeroep, en was haastig dat Petrus moet kom. Toe Petrus daar aankom, het Kornelius voor sy voete gekniel soos voor 'n koning.

Petrus het vir Kornelius gehelp om op te staan en vir hom gesê: “Staan op! Ek is self ook net ’n mens, soos jy”. Petrus het vir die mense daar gesê: “Julle weet dat ’n Jood nie in iemand wat nie ’n Jood is se huis mag gaan of met hulle vriende mag wees nie. Maar God het vir my gewys dat ek nie mag sê dat iemand nie aan God gewy is of dat hy onrein is nie.”

Kornelius het vir Petrus gesê dat almal hier bymekaar is om te luister wat God vir hulle wil sê. Petrus het begin praat en gesê: “Ek verstaan nou waarlik dat God nie dink een persoon is belangriker as ’n ander persoon nie. Nee, in elke volk hou God van die mense wat hom respekteer en wat die dinge doen wat Hy wil hê.” Hy het verder vir hulle vertel van die Goeie Nuus van Jesus.

Die Heilige Gees het al die mense wat na Petrus se boodskap geluister het, gevul. Die Joodse gelowiges was baie verbaas omdat God die Heilige Gees ook in heidene laat kom het. Petrus sê toe: “Niemand kan dit keer nie. Hierdie mense mag met water gedoop word, want hulle het ook die Heilige Gees ontvang, soos ons.”
(Roep die “heidene” nader en gee vir hulle ook elkeen ’n lekker. Dit wys ALMAL is vir God belangrik!)

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die storie staan vir jou uit.
2. Ek wonder wie is die mense om jou wat anders behandel word, asof mense dink hulle is onrein/sleg.
3. Ek wonder wat kan jy doen om maats te maak met iemand wat eenkant is.



Werskaf

Gee aan kinders die geleentheid om een van die moontlikhede wat genoem word, te kies en kreatief tyd daaraan te spandeer:

- Uitdeelstuk met vinnige vragies
- Wit stukkie lap met vislyn aan die vier punte. Skryf in die lap:
“God dink nie iemand is belangriker as ’n ander nie” Vir kleintjies kan jy dit reeds opgeskryf hê. Vir groter kinders kan hulle dit self met koki’s opskryf.
(Vir kleintjies kan jy vir elkeen ’n stukkie wit lap gee en geleentheid gee dat hulle enige onrein kossoort en een rein kossoort teken (of prentjies uitknip) en dit in hul wit lappie toevou.)



Sluit af met die seënbede

Kinders kry geleentheid om geseën te word deur mekaar en/of die leier. Dit is altyd lekker om dit interaktief te maak!

Kornelius

1. Watter soort werk het Kornelius gedoen?



2. Wie het in Kornelius se droom na hom toe gekom?



Jesus



'n Engel



Paulus

3. Vir wie het Petrus in sy droom gesien?



sy
familie



diere



sy
lewe


4. Is God ewe lief vir almal?



5. Wat het die mense gedoen nadat hulle gehoor en geglo het wat Petrus vertel het?



Rein kosse



Onrein kosse

